

# Ondier

Jan Vermeulen

LAPA Uitgewers  
Pretoria  
[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)

*Vorige titel deur Jan Vermeulen*

Die vyfde Aspoester

# Een

“**E**k haat jou. Wil jy weet hoekom? Want geen Dirkie kon nog my mond laat water soos jy nie.” Hy tel een van sy gooimesse van die opslaantafeltjie af op. “Geen Dirkie kon my nog soos jy laat wonder of daar nie tog iets blywends tussen ons kon ontwikkel nie.” Sy palms sweet in die leeuvelhandskoene toe hy die skerpte van die gooimesse lem oor die takkie van ’n karoodoring toets. “Maar toe moes ek uitvind julle is almal dieselfde.”

Deur die gate wat hy vir oë in sy volgesigmasker van leuvel gesny het, vergaap hy hom aan die skoonheid van die naakte vrou met die olyfbruin vel.

Hy het haar arms agter haar om die stam van die jong bloekom getrek. Haar polse het hy met drie swart kabelstroppe aan mekaar vasgebind, haar voete met gewone nylontou weerskante die stam. Met ’n breë oranje band om haar ribbekas, net onder haar borste langs, hou hy haar regop teen die boom.

“Ek moet erken, ’n vrou is vir my op haar mooiste só, kaal en vasgebind.”

Die suggestie van ’n magie, die fyn rekmerke, die gesweldede borste en die heupe wat nog besig is om hul oorspronklike vorm terug te wen, kon nie al haar atletiese kurwes uit-

wis nie. Die sonstrale vlam in haar koperrooi krulle wat oor haar skouers golf.

'n Sagte gromlag borrel uit sy keel. "Jy hou nie daarvan om Dirkie te wees nie."

Sy skud haar kop. Hy het haar mond met silwer kleefband toegeplak, maar haar seegroen oë volg elke beweging wat hy maak.

Agter hom huil 'n baba gedemp. Hy gaan haal die baba uit sy Discovery en sit hom in sy drakot teen die agterwiel neer.

Haar oë vermurwe.

Hy wieg die gooimes tussen sy vingers. "Moet ek my gooie op hom oefen?" Die angs vlam op in haar oë. "Is jy 'n Dirkie?" vra hy weer.

Sy knik vinnig.

Rondom hulle laat die eskaders sonbesies die middag se warm lug vibreer terwyl die sweet teen sy lyf onder die leeuveloorpak afstroom. Die geur van die reën wat vroegoggend uitgesak het, hang nog net vaagweg in die lug.

Hy poets sy vier gooimesse tydsaam met 'n oliedeurweekte lap en pak dit op die blad van die opslaantafel uit. Die reuk van olie op staal laat hom uitsien na die sensasie wanneer hy later die bloed van die lemme sal afspoel.

Moenie, soebat haar oë in syne. My kind het my nodig.

"Ek moet hom juis beskerm teen jou. Hy het nie 'n selfsugtige ma soos jy nodig nie." Hy dek 'n skalpel, 'n vurk en 'n wit porseleinbord op die opslaantafel. Langs die bord stryk hy 'n koerantuitknipsel oop. "Die wêreld het genoeg van jou soort gehad."

My soort? pleit haar oë. Haar wange blink.

Die opskrif is in rooi omsirkel. "Demeyer sluit praktyk," lees hy hardop. "Die forensiese profileerder, doktor Olaf Demeyer, het sy praktyk onverwags ná die ontrafeling van die Aspoester-moorde gesluit." Hy frommel die berig klein op. "Want hoekom? Want jou ondankbare soort het hom finaal gebreek. Jy het." Hy skiet die papierballetjie met sy vingers deur die lug.

Haar oë smeek.

Hy vee die bord met 'n servet skoon. Sy kiewe trek saam in afwagting van die bitter, louwarm rou dis wat hy binne minute van nou af op die bord wil lê. Sy speekselkliere vorm 'n fonteintjie onder sy tong. Die kwyl loop by 'n mondhoek uit. Sy kan dit gelukkig nie sien nie, want hy het die opening vir 'n mond in die leeuveldmasker met groot bofbalsteke toegewerk.

Hy kyk weer op. Die weerloosheid van die rooikop teen die bloekom se stam laat die kwyl sterker vloei.

Hy neem 'n gooimes op.

Haar gesig verrek. Jy is mal, jy is pateties, kan hy die skelwoorde in haar oë lees.

Agter hom huil die baba steeds. Met die gooimes ferm aan die punt van die lem tussen die kussings van sy eerste drie vingers en sy duim, leun hy terug op sy regterbeen. Die baba se gekerm versteur sy fokus.

Hy oorweeg dit om sy belt af te haal en die raasbek te dissiplineer. "Konsentreer nou," vermaan hy homself.

Hy buig sy gewrig en eldboog tot die mes langs sy kop kom. "Ek sal nog 'n man van hom maak," belowe hy vir haar. "n Man soos my pa."

Sy oë fokus op haar maag. Die bloed stoot sy are reg deur sy lyf oop. Hy voel 'n roering in sy lendene. Nou is dit nie meer net sy speekselkliere wat reageer nie.

Vir momentum verskuif hy sy gewig vinnig na sy linkerbeen en swaai sy hand vorentoe, soos 'n houtkapaksie. Toe sy arm gestrek is, laat los hy die lem.

Die mes tol grasieus in 'n een-en-'n-halwe-omwenteling en sweef soos 'n valk op die teiken af.

Kolskoot in die naeltjie.

Die lem dring die sagte teiken met 'n vlesige knal binne en sink in sy volle lengte weg. Haar liggaam sidder van genot. Haar oë rek en soebat vir nog. Die straaltjie melk wat deur 'n tepel spuit, laat sy kiewe saamtrek en sy ereksie van onbeduidend na bruikbaar groei.

Hy volg die eerste gooi vinnig op. Toe die tweede mes selfs nog dieper in haar laer maag wegsink en haar spiere van ekstase in 'n spasma saamtrek, kan hy nie meer hou nie.

Gelukkig kan sy nie bewus wees van sy spuwende ejakulasie in die oorpak nie, ook nie van die tranes wat vrylik agter die beskutting van die masker oor sy wange skiet nie. Nog minder kan sy weet van die walging wat nou in hom opstoot. En gelukkig kan sy nie vir hom daarvoor lag nie.

# Twee

Olaf Demeyer droom sy herhalende droom. Hy is in 'n skemerdonker huis, die huis waar hy sy eerste vyf jaar saam met Johnny en Liesbet Demeyer gebly het. Die gesmoorde geroep van 'n kind sweef deur die huis. Hy sluip in die gang af en loer versigtig by elke vertrek in.

In die kombuisdeur steek hy vas. Die kind raak stil.

Die vars bloedvlek op die vloer laat sy knieë onder hom knak. Hy hurk by die vlek. Net hier het sy gelê. Johnny se mes in haar bors. 'n Geskuifel in die besemkas laat hom sy ore spits. "Jy kan nou maar uitkom," fluister hy kortasem.

Die kas se deur bly toe.

'n Selfoon begin knaend naby sy kop lui. Dit gebeur nooit in die droom nie.

Hy trek aan die kas se knip maar iemand hou die deur van binne af toe. Hy probeer soos elke vorige keer tevergeefs om die deur oop te beur sodat hy die kind kan bevry.

Die gelui hou aan en aan.

Totdat hy met 'n Rip-van-Winkel-gevoel in 'n bed wakker skrik. Die son skyn deur 'n venster op sy gesig.

Hy verwag die opset van 'n hotelkamer rondom hom; die hotelkamer in Tel Aviv, met die geur van die vorige aand se

wierook wat nog in die lug moet hang. Daarom is hy verwonderd om sy eie kamer in sy huis in Port Elizabeth te herken.

Die lugdiens se etikette aan sy reistas, wat soos 'n oopgesnyde kadawer langs sy bed lê, met sy klere oor die vloer bring die besef van waar hy hom bevind finaal by hom tuis.

Hy druk die geraas van die foon dood. Kwart oor tien, sê die digitale syfertjies. Die kussing langs syne waar hy steeds elke môre Jasmyn se gesig verwag, is leeg, soos elke ander oggend vir bykans 'n jaar. Daarom trek hy sy kussing oor sy kop.

Die foon lui weer. Hy het net 'n kort slaapbroek aan, nogtans broei sy lyf sweterig onder die dun laken. Hy lê lank en oorweeg voor hy omdraai en die foon raakvat.

Die nommer word weerhou.

Hy druk dood.

Die foon begin weer lui. Hierdie keer verskyn Zenobia Price se gesig op die skerm. Hy sit regop in die bed. Onrus-tige torre kruip oor sy lewer, soos altyd wanneer hierdie joernalis hom bel.

“Olaf Demeyer.”

“Doktor.” Zenobia klink verlig. “Laat ek net eers sê ek is verskriklik jammer oor wat gebeur het, maar ons het gesukkel om jou in die hande te kry.”

“Waarvan praat jy?” Sy foon vibreer. Inkomende oproep. Hy sien dit is Franci. “Hou aan, Zenobia.” Hy druk dood en antwoord. “Hallo, my skat. Hoe gaan dit?”

“Baie beter noudat ek Pappa se stem hoor. Hoe was die vlug?”

Tien ure vanaf Tel Aviv tot in Johannesburg. Een en 'n half uur Port Elizabeth toe, waar rukwinde die 737 soos 'n speelvliegtuig in 'n kleuter se hand laat land het. “Geen probleem.”

“Ek wil net weer dankie sê dat Pappa vir my kom kuier het. Dit was die beste paar weke van my lewe.”

“Vir my ook. Dit was so goed om te sien wat jy vir daardie kinders in die weeshuis beteken.”

Sy foon vibreer teen sy oor.

“Probeer iemand vir Pappa bel?”

“Ja, ek dink iets het gebeur. Dis daai joernalis.”

“Zenobia Price?”

“Ja.”

Hy hoor hoe trek sy haar asem diep in. “Bel my later terug en vertel vir my.”

Hulle lui af. Dit is weer die onbekende nommer, nie Zenobia nie.

“Demeyer.”

“Ek bel en ek bel.” Hy ken nie die vrouestem nie. “Is dit doktor Demeyer? Kliniese sielkundige en profiler van Port Elizabeth?” Sy bry haar erre genadeloos.

“Ja, maar ek praktiseer nie meer nie.”

“Ek weet.”

“Met wie praat ek?”

“Speurderadjutant Jordaan van Somerset-Oos.”

Die dorpsnaam slaan hom soos 'n vuishou op die krop van sy onbewaakte nugter maag, veral omdat hy so pas uit die nagmerriehuis in Pauletstraat in Somerset-Oos weggeruk is.

“Ek is jammer, Doktor, maar ek het baie slegte nuus vir jou.”

Die torre grawe nou tonnells deur sy lewer.

“Dit gaan oor kaptein Jasmyn Oktober.”

Hy swaai sy bene van die bed af. Die kamer swaai saam met hom. “Wat is dit van Jasmyn?”

“Sy is dood.”

Hy kom vinnig orent. Te vinnig. “Nee.” Hy steier duiselig in die rigting van sy badkamer. “Jasmyn is dood?” Hy struikel oor sy oop tas. “Wat het gebeur?”

“Sy is vermoor.”

“O, my God, nee. Nee, asseblief, nee.”

“En op hierdie stadium lyk dit of haar baba ontvoer is.”

“Sy het 'n baba?” Hy val op die stoel by sy lessenaar voor sy kamervenster neer.

“Klein Cor is nou twee maande en drie weke oud. As hy nog lewe.”

“Wag, wag.” Hy leun met sy elmboë op sy lessenaarblad. Die hol gevoel van die landing gisteraand is terug op sy maag, net erger. “Twee maande?”

“En drie weke. 28 November gebore.”

Hy doen vlugtige berekeninge in sy kop.

Hy sluk. “Dit kan my kind wees.”

“Dit is wat Jasmyn vir my gesê het, ja, maar ons sal moet seker maak.”

Hy verskuif die selfoon na sy ander oor, asof die nuus daar sal verskil. “Vertel vir my wat gebeur het.” Hy herken die ankerlose soebat in sy stem.

“Ons probeer self nog die puzzle uitsort, Doktor. Weer eens jammer dat ek jou met sulke nuus moes tref, maar ons sukkel al vir drie weke om jou in die hande te kry.”

“Ek was by my dogter in Israel. My roaming was nie aan nie. Ek het gisteraand teruggekom.”

“Doeanebeheer het ons vanoggend laat weet.”

“Hoe is Jasmyn vermoor?”

“Verskeie meswonde. Ons soek nog na julle baba. Die hele dorp help soek. Ons is mos almal een groot familie hier. Ons hoop hy leef nog, maar hy ly aan 'n hartdefek. Hy moes al in die Kaap gewees het vir 'n operasie.”

Olaf byt op sy kake en forseer sy tong teen sy verhemelte om die naarheid teë te hou. “Ek moet my gesig gaan afspoel. Gee vir my jou nommer, dan bel ek jou terug.”

“Ek kan beter doen as dit. Kyk deur jou venster.”

Hier vanuit die eerste verdieping van sy huis sien hy 'n wit Polo voor sy hek geparkeer. 'n Vrouehand waai vir hom deur die kar se oop venster. “Ek sukkel al heeloggend om jou wakker te maak, maar jou klokkie is ook af. Kan jy kom oopmaak?”

“Wag net.”

Hy druk dood en gaan steek sy vinger in sy keel oor die toilet se spoelbak. Daarna verlig hy sy nood, spat sy gesig met koue water af, borsel sy tande en hark sy vingers deur sy lang slierte. 'n Verwaarloosde Rip staar vanuit die spieël na hom. In die kamer gaan tel hy 'n kortbroek en hemp van die vloer af op en trek aan.

Die volvloermat teen die houttrap af na die onderste vloer is sag onder sy kaal voete. Met elke tree wat hy gee, voel dit asof sy bewerige knieë soos 'n hoender s'n agtertoe kan knak. Hy sluit die voordeur oop en mik met die afstandbeheer na die kontroleboksie langs die voorhekkie. Die hekkie gaan oop.

'n Buksie in stywe jeans, kort stewels en 'n manlike oopknoophemp kom in die tuinpaadjie aangewikkel, wynrooi aktetas in die hand. Haar platinumgrys kort hare is semi-gekartel. Sy kom staan met een hand op die heup uitdagend voor hom op die stoep.

“Wat staar jy so?” Priemende leiklipgrys kykers. “Het jy 'n seekoei verwag?”

Hy neem haar ringlose hand wat sy na hom uitsteek.

Haar handdruk is net so stewig soos haar stem wat die erre so boelie. “Ek is speurderadjutant Jordaan, maar jy kan my Beth noem. So gebore en so gelaat staan.” Sy is ouer as wat hy aanvanklik geskat het. Die fyn plooitjies langs haar ooghoeke pleeg die verraad.

“Noem my Olaf.”

“Ek druk my vinger vol blase, maar jou klokkie werk seker nie.”

“Ek sit die ding af om nuuskieriges uit te hou.”

“Gaan jy vir ons koffie maak, Olaf?”

“Kom binne.”

Sy volg hom na die oopplankombuis en stoot van die vuil skottelgoed eenkant toe sodat sy haar aktetas op die marmwerksoppervlak kan neerplak. “Wanneer laas het jy vir Jasmyn gesien?”

“Middel Maart, verlede jaar.”

“Amper 'n jaar, dus.”

“Ja. Verskoon hoe dit hier lyk. Hoewel die res van my huis niks beter lyk nie.” Want vir die laaste klompie maande bly hy alleen. Eet hy alleen. Hoop sy skottelgoed op. Skeer hy nie. Laat sny hy nie sy hare nie. Maak hy nie sy bed op nie.

Die stoeltjie by die werksoppervlak is so hoog dat sy eers op die sport moet trap om op die sitplek te kom. “Op skool was ek Piekie, maar gelukkig was dit in die Kaap. As enig-iemand my ooit weer Piekie noem, bliksem ek hom. Mind you, my ma-hulle noem my nog Piekie. Hulle is aartappel-boere naby Clanwilliam.”

“Wat doen jy hier, Beth, behalwe om jammer te kom sê?”

“My kolonel het my gestuur. Ons het jou hulp nodig.”

Terwyl hy die perkoleerder opstel en twee bekers uitspoel, maak sy haar aktetas oop en haal 'n foto uit. “Miskien moet ek solank iets vir jou wys.” Sy hou die foto uit na hom.

Hy moet stry teen die histerie in hom. Jasmyn straal soos wat hy haar nooit gesien het nie. Styf teen haar wang hou sy 'n baba se gesiggie.

“Hier is hy 'n maand oud. Kort ná die foto het sy begin agterkom iets is fout.”

Hy trek 'n hoë stoeltjie nader en gaan sit. “Weet jy wat die probleem met sy hart is?”

“Die dokters het eers ná 'n paar weke se toetse uitgevind sy hartare is nie lekker gekoppel nie. Onder andere. Drie dae voor die ambulansvliegtuig met hom en Jasmyn Kaap toe sou vlieg vir 'n operasie, is sy vermoor en het hy verdwyn. Hy is op medikasie, wat hy nie nou kry nie.”

“Vir ten minste drie weke nou al. Dan is dit onwaarskynlik dat hy nog leef. Jy het die woord ‘ontvoer’ gebruik. Maar jy sê niks van 'n losprys nie.”

“Nee. Maar ons hoop die moordenaar het hom nog. En ek het al die pad van Somerset af gekom om jou in die oë te kyk wanneer ek vir jou vra om vir 'n paar dae na ons toe te kom. Kom help ons met 'n profilering.”

“Hoekom ek? Jy weet ek praktiseer nie meer nie.”

“Juis, ons het gedink jy sou tyd hê vir ons en ons weet jy was ’n topprofileerder, van die beste in die land.”

“Ons?”

“Die Dorpsforum, wat saamgestel is uit boere, huisvroue, ons dominee, ons landdros, skoolhoof, polisiehoof ... so kan ek aanhou opnoem. En jy word persoonlik geraak.”

“Jy besef nie wat jy vir my vra nie.”

“Ek dink tog ek weet. Jou geboortedorp hou slegte memories van jou kinderjare in.”

“Hoe de hel ...”

“Ek is ’n speurder. Ek weet jy is daar gebore en ek weet jou pa het jou ma voor jou oë met ’n mes doodgesteek toe jy skaars ses was.”

Hy stoot die foto stadig oor die marmer na haar toe terug. “Vertel nou vir my wat gebeur het.”

“Stappers op ’n oorlewingskursus het op haar liggaam afgekom. In die veld aan ’n boomstam vasgebind. Kaal. Met duct tape oor haar mond.”

Die perkoleerder roggel.

“Vier messteke in die maag.”

Sy kopvel kriel. “Was daar ’n patroon in die messteke?”

“Kan ons nie later oor die detail praat nie? Jy lyk bleek.”

“Ek het nodig om alles nou te hoor, dis hoe ek is.”

“Maar dis nie vir my maklik nie,” sê sy. “Jasmyn het by my geloseer. Ons het sielsbuddies geword in die kort tydjie wat ons mekaar leer ken het.”

“Sy was ’n kaptein maar sy bly in ’n losieskamer?”

“Dit sou net tydelik wees, maar met Cor se gesondheid het alles vir haar nog meer onseker geraak.”

“Was daar ’n patroon in die messteke?” herhaal hy sy vraag.

Sy asem diep in. “Vier wonde. Een senter in die belly button. Die ander drie langs mekaar, laer af. Als so in ’n driehoek.”

“Opwaartse steke of afwaarts?” Hy demonstreer. “Of sydelings?”

“Redelik reguit in. Horisontaal. Baie diep. Vier netjiese steke, die vlees is nie oopgeruk nie.”

“Dit klink berekend.” Hy skink met inspanning die koffie. “Enige ander beserings?” Hy haal melk uit die yskas.

“Behalwe die messteke en die kneusings waar sy vasgebind is, is daar ’n horisontale snit by haar lewer. Tien sentimeter lank. ’n Gedeelte van die lewer se regterlob is uitgesny.”

Hy stort ’n blerts melk op die vloer. “Geen verminking van haar borste of haar ... geen seksuele verminkings nie?”

“Nee. Ons het net ligte kneusmerke rondom haar areolas gekry, soos love bites, maar nie bytmerke nie. En vreemde DNS. Vermoedelik van sy speeksel.”

’n Rilling rol teen sy rug af. “Was Cor ’n borsbaba?”

“Ja, maar die DNS was nie syne nie.”

“Julle het Cor se DNS?”

“Jip. Jasmyn se huisdokter het voorheen ’n wavrag bloedtoetse en biopsies op hom laat doen. So, die patoloë kon ons help.”

“Is sy verkrag?”

“Nee. Daar is ook geen teken van semen in of op die liggaam nie.”

“Julle het die uitslae besonder gou gekry.” Hy stoot die suikerpot nader en stamp per ongeluk die dekseltjie af. Fyn wit kristalle spat oor die swart marmer.

“Miskien het sy die waglyns gejump omdat sy ’n speurderkaptein is.” Beth neem die beker by hom. “Ek drink swart en bitter.” Sy het mooi hande wat al hard gewerk het, kort naels. Geen naellak. Sy blaas oor haar koffie en slurp.

Hy draai sy koffiebeker tussen sy palms. ’n Vuis bal op die krop van sy maag. Sy koffie smaak na gewone kookwater, ten spyte van die melk en suiker. “Is die vreemde DNS net aan haar borste?”

“Nee. Daar was mikroskopiese weefsel aan die nylontou waarmee haar voete vasgebind was. Die DNS is dieselfde as die speeksel aan haar borste.” Sy haal nog ’n foto uit haar aktetas. “Daar is nog iets wat ek vir jou moet vertel.” Sy stoot die foto nader. “Ons het hierdie een ook teen ’n boomstam gevind. Ook ’n vrou.”

Dit is ’n skelet met ’n breë oranje band teen ’n boomstam gebind. Stringe biltong, dun repe verharde vel en brokkies kraakbeen kleef aan die gebeente, met lang klosse hare wat soos donker spindrade oor haar kop hang.

Sy hande span wit om die koffiebeker. “Weet julle wie sy is?”

“Net die tandemuis kon ons help om haar positief uit te ken. Cindy Booysen van Mount Frere. Een en twintig.”

“Julle is ’n paar honderd kilometer van Mount Frere af.”

“Sy en haar babaseun het 9 Januarie 2018 daar op ’n bus PE toe geklim, blykbaar agter ’n man aan wat sy op Facebook leer ken het, het haar ouers gesê. Maar hulle weet nie eens wat die man se naam is nie. Hulle het nooit weer van haar gehoor nie. Sy het wel die volgende oggend by PE se stasie afgeklim, maar daar loop haar spoor dood, totdat ’n beeswagter op haar oorskot naby Somerset-Oos teen ’n boom afgekom het, op Nuwejaarsdag hierdie jaar. Ons het net geen idee hoe sy daar beland het nie.”

“En haar baba?”

“Nooit gevind nie.”

“Dan kan dit ’n patroon wees. Ongetroude vrou met ’n babaseun. Hy vermoor haar teen ’n boom en laat haar teen die stam agter, maar met die baba doen hy iets anders.”

“Dis hoekom ons die moontlikheid van moetiemoord ook ondersoek, hoewel ons bid en vertrou Cor lewe nog.”

Hy sit sy leë koffiebeker bewurig op die werksoppervlak neer. “Ek sien nie kans nie. Dis te persoonlik.”

“Maar dis julle baba.”

“Die idee van ’n baba voel onwerklik.” Hy kom orent. “Maar hoe ook al, ek is oor die muur. Ek het vir te lank te

veel oor hierdie soort afgronde van mense gehang. Toe my dogter deur 'n reeksmoordenaar ontvoer is, het ek oor my eie afgrond gedonder. Tot onder in die hel. Nooit weer nie. Ek het genoeg gehad."

"Jy het Franci se lewe gered," sê sy sag. "Help ons nou om jou babaseun ook te red."

"Volgens statistiek leef hy nie meer nie."

"Totdat ons sy oorskot kry, aanvaar ons hy kan nog leef."

Hy is reeds op pad voordeur toe, 'n naarheid op die maag en 'n vakuum in die kop.

"Kom help ons, nog net hierdie een keer," sê sy agter hom aan. "Ter wille van Jasmyn en julle kind."

Hy draai om. "Jasmyn het besluit om my te verlaat. Nou is sy dood. Die baba moontlik ook. Ek kan niks meer vir hulle doen nie."

Beth bly sit asof die kombuis aan haar behoort. "Probeer jy haar nou straf oor wat sy aan jou gedoen het? Dis mos nie regverdig teenoor jou kind nie. Watse soort pa is jy, Olaf Demeyer?"

Haar woorde en stemtoon slaan soos vuishoue teen sy gees.